# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# BSc Voeding (02133322)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 541 |

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die Toelatingspuntteling (TPT).
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente. Finale toelating is gebaseer op Graad 12-uitslae.
- Studente sal by SARNAWP as natuurwetenskaplikes kan registreer en sal kan voortgaan met ‘n navorsingsgebaseerde MSc in Voeding.

| **Minimum vereistes** | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | | | | | | | | | |
| **Afrikaans of Engels** | | | | **Wiskunde** | | | | **Fisiese Wetenskap** | | | | **TPT** |
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 30 |

Kandidate wat nie aan die minimum toelatingsvereistes van die BSc (Voeding)-program hierbo voldoen nie, mag oorweeg word vir toelating tot die BSc – Verlengde program hieronder. Die Verlengde Program neem 'n jaar langer om te voltooi.

| **Minimum vereistes** | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | | | | | | | | | |
| **Afrikaans of Engels** | | | | **Wiskunde** | | | | **Fisiese Wetenskap** | | | | **TPT** |
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 24 |

## Ander programspesifieke inligting

'n Student moet al die minimum voorgeskrewe en keusemodules slaag soos uiteengesit aan die einde van elke jaar in ‘n program asook die totale aantal vereiste krediete behaal om te voldoen aan die betrokke graadprogramvereistes. Verwys asseblief na die kurrikulum soos uiteengesit. Ten minste 144 krediete moet op 300-/400-vlak wees, of andersins soos aangedui deur die kurrikulum. Die minimum modulekrediete wat nodig is om te voldoen aan graadvereistes word uiteengesit aan die einde van elke studieprogram. Met betrekking tot die

BSc-programme soos aangedui sal ’n maksimum van 150 krediete op 100-vlak erken word.

’n Student mag in konsultasie met die Hoof van die Departement en in oorleg en met die toestemming van die Dekaan, voorgeskrewe modules volg of vervang met modules wat nie aangedui is in die BSc-driejaarstudieprogramme nie en wat die ekwivalent of die maksimum van 36 modulekrediete is. Dit is egter wel belangrik dat die totale aantal voorgeskrewe modulekrediete binne die loop van die graadprogram voltooi word. Die Dekaan mag in die verband, en op aanbeveling van die Departementshoof, afwykings goedkeur. Met betrekking tot die BSc-programme soos aangedui mag ’n student nie vir meer as 75 modulekrediete per semester op eerstejaarvlak registreer nie. ’n Student word slegs in oorleg met en met toestemming van die Dekaan toegelaat om te registreer vir 80 krediete in die eerste semester gedurende die eerste jaar indien die student ’n finale punt van nie minder nie as 70% vir Graad 12 Wiskunde en ’n TPT van 34 of meer behaal het vir die NSS.

Studente wat alreeds in besit van ’n baccalaureusgraad is, kan nie erkenning kry vir modules waarvan die inhoud oorvleuel met modules van die graad wat reeds toegeken is nie. Verder sal krediete ook nie vir meer as 50% oorweeg word nie vir krediete geslaag tydens studie vir ’n vorige onvoltooide graad. Geen krediete op die finale jaar of op 300- en 400-vlak sal goedgekeur word nie.

Die Dekaan kan, op aanbeveling van die programbestuurder, afwykings in die studieprogram goedkeur. Let wel: Waar keusemodules nie spesifiek aangedui word nie, kan enige van die modules wat in die alfabetiese lys van modules voorkom, gekies word. Die onus rus op die studente om voor registrasie seker te maak dat hulle aan die voorvereistes van die modules voldoen Voorvereistes word in die alfabeties modulelys gelys.

# Bevordering tot volgende studiejaar

**Algemene bevorderingsvereistes in die fakulteit**
Alle studente wie se akademiese vordering nie aanvaarbaar is nie se studies kan opgeskort word.

- 'n Student wat uitgesluit is van verdere studies in terme van die voorwaardes van bogenoemde regulasies, sal skriftelik in kennies gestel word deur die Dekaan of Toelatingskomitee aan die einde van die relevante semester.
- 'n Student wat uitgesluit is van verdere studies mag skriftelik aansoek doen by die Toelatingskomitee of die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe vir hertoelating.
- Indien die student hertoegelaat word deur die Toelatingskomitee, sal streng voorwaardes gestel word waaraan die student moet voldoen om voort te mag gaan met sy/haar studies.
- Indien die student nie deur die Toelatingskomitee hertoegelaat word vir verdere studies nie, sal hy/sy skriftelik in kennis gestel word.
- Studente wat nie deur die Toelatingskomitee hertoegelaat word nie, het die reg om by Senior Appèlkomitee te appelleer.
- Enige besluit wat deur die Senior Appèlkomitee geneem word, is finaal.

'n Student word tot die volgende studiejaar bevorder mits hy of sy 100 van die vereiste krediete wat in 'n studiejaar voorgeskryf word, slaag tensy die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof anders besluit. 'n Student wat nie aan die vereistes vir bevordering tot die volgende studiejaar voldoen nie, behou krediete vir die modules waarin hy of sy geslaag het, en mag deur die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, tot hoogstens 48 krediete van die modules van die volgende studiejaar toegelaat word, mits dit by die lesing-/eksamenrooster inpas.

## Slaag met lof

'n Student slaag met lof indien hy of sy in een enkele akademiese jaar alle vereiste modules op 300-vlak of hoër slaag en 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% in daardie modules behaal, met dien verstande dat 'n subminimum van 65% behaal word in die betrokke modules wat vereis word.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 132**

**Minimum krediete:**

Fundamenteel = 12

Kern = 120

**Addisionele inligting:**

Studente wat nie kwalifiseer vir AIM 102 nie, moet vir AIM 111 en AIM 121 registreer.

.

## Fundamentele modules

### Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 4.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Regsgeleerdheid<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Teologie |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | Mamelodi, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

## Kernmodules

### Inleiding tot mikrobiologie 161 (MBY 161)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Voorvereistes** | MLB 111 GS |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Mikrobiologie en Plantpat |

| | |
|---|---|
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module is ‘n inleiding tot die veld van Mikrobiologie. Basiese Mikrobiologiese aspekte wat gedek gaan word sluit in ‘n inleiding tot die diversiteit van die mikrobe wêreld (bakterieë, archaea, eukariotiese mikroörganismes en virusse), basiese beginsels van sel struktuur en funksie, mikrobe voeding en mikrobiese groei en groei beheer. Toepassings van Mikrobiologie sal geïllustreer word aan die hand van spesifieke voorbeelde onder andere bioremediasie, dier-mikrobe simbiose, plant-mikrobe simbiose en die gebruik van mikroörganismes in industriële mikrobiologie. Afvalwater behandeling, mikrobiese siektes en voedsel preservering sal bespreek word aan die hand van spesifieke voorbeelde.

## Fisika vir Biologiese studente 131 (PHY 131)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Verwys na Regulasie 1.2: 'n Kandidaat moet Wiskunde met ten minste 50% geslaag het in die G12-eksamen |
| **Kontaktyd** | 1 besprekingsklas per week, 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Fisika |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Eenhede, vektore, kinematika, dinamika, arbeid, ewewig, klank, vloeistowwe, warmte, termodinamiese prosesse, elektriese potensiaal en kapasitansie, direkte en wisselstroom, optika, atoomfisika, X-strale, radioaktiwiteit.

## Wiskunde 134 (WTW 134)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Verwys na Regulasie 1.2: 'n Kandidaat moet Wiskunde met ten minste 50% geslaag het in die G12-eksamen |
| **Kontaktyd** | 1 tutoriaal per week, 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Wiskunde en Toegepaste Wisk |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

**Studente sal nie vir meer as een van die volgende modules krediet ontvang vir hul graad nie: WTW 134, WTW 165, WTW 114, WTW 158. WTW 134 gee nie toelating tot Wiskunde op 200-vlak nie en is vir studente wat Wiskunde slegs op 100-vlak benodig. WTW 134 word in die tweede semester as WTW 165 aangebied slegs vir studente wat in die eerste semester aansoek gedoen het vir die ongeveer 65 MBChB, of 5-6 BChD plekke wat in die tweede semester beskikbaar word en wat dus ook ingeskryf was vir MGW 112 in die eerste semester van die huidige jaar.*

Funksies, afgeleides, interpretasie van die afgeleide, differensiasiereëls, toepassings van differensiasie, integrasie, interpretasie van die bepaalde integraal, toepassings van integrasie. Matrikse, oplossings van stelsels vergelykings. Alle onderwerpe word in die konteks van toepassings behandel.

## Biometrie 120 (BME 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Minstens 4 (50-59%) in Wiskunde in die graad 12-eksamen, of minstens 50% in beide Statistiek 113, 123 |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Statistiek |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Enkelvoudige statistiese analise: Data-insameling en -verwerking, Steekproewe, tabellering, grafiese voorstelling, beskrywing van lokaliteit, spreiding en skeefheid. Inleidende waarskynlikheid en distribusieleer. Steekproefverdelings en die sentrale limietstelling. Statistiese inferensie: Basiese beginsels, beraming en toetsing in die een- en tweesteekproefgevalle (parametries en nie-parametries). Inleiding tot eksperimentele ontwerp. Een-en tweerigting ontwerpe, ewekansige blokontwerp. Meervoudige statistiese analise: Tweeveranderlike datastelle, krommepassing (lineêr en nie-lineêr), groeikrommes. Statistiese inferensie in die enkelvoudige regressieverband. Kategoriese data-analise: Pasgehaltetoetsing en gebeurlikheidstabelle. Meervoudige regressie en korrelasie: Passing en toetsing van modelle. Residu-ontleding. Rekenaarvaardigheid: Gebruik van rekenaarpakkette by dataverwerking en verslagskrywing.

## Inleidende genetika 161 (GTS 161)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | MLB 111 GS |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, Prakties tweeweekliks |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |

| | |
|---|---|
| **Akademiese organisasie** | Genetika |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Chromosome en seldeling. Beginsels van Mendeliese oorerwing: lokus en allele, dominansie- interaksies en epistase. Waarskynlik-heidsleer. Geslagbepaling en geslagsgekoppelde eienskappe. Stamboomanalise. Ekstranukluêre oorerwing. Genetiese koppeling en chromosoomkartering. Chromosoomvariasie.

## Algemene chemie 117 (CMY 117)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Verwys na Regulasie 1.2 |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Chemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Algemene inleiding tot anorganiese en analitiese chemie. Atoomstruktuur en periodisiteit. Molekulêre struktuur en binding, gebruik van die VSEPA model. Nomenklatuur van anorganiese ione en verbindings. Klassifikasie van reaksies: neerslag, suur-basis, redoks en gasvormende reaksies. Beginsels van reaktiwiteit: energie en chemiese reaksies. Molbegrip en stoïgiometriese berekeninge van chemiese reaksies. Fisiese gedrag van gasse, vloeistowwe en oplossings en die rol van intermolekulêre kragte. Tempo van reaksies: Inleiding tot chemiese kinetika.

## Inleiding tot voedsel, voeding en gesondheid 121 (FNH 121)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Natural and Agricultural Sciences students |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Teen 2050 sal die wêreld meer as 8 biljoen mense moet voed. Hierdie module gee die onderliggende wetenskaplike basis in Voedsel, Voeding en Gesondheid en stel 'n aantal wetenskaplike beginsels en basiese begrippe bekend. Lesings: Inleiding tot voedselkeuse soos wat dit beinvloed word deur sosiale faktore, godsdienstige invloede, etnisiteit, gesondheid, veiligheid, ekonomie, sensoriese eienskappe van voedsel; Inleiding tot die voedselketting met spesiale klem op die voedings-, omgewings-, etiese en veiligheidkwessies wat van belang is vir verbruikers; Honger - voedsel behoeftes, met inbegrip van voedsel en voeding sekuriteit, die aard van voedingsprobleme, bestriding vanoor-en ondervoeding; Inleiding tot voiding: Nutriënte in voedsels, voedselsamestelling, biobeskikbaarheid van nutriënte, dieet en kroniese siektes; die sleutels tot gesonde eetgewoontes; Inleiding tot funksionele chemiese komponente van voedsel, Inleiding tot voedselprosessering en –preservering; Inleiding tot voedselveiligheid, gevare en risiko's; Inleiding tot voedselkwaliteit en-voorkeure van verbruikers; Belangrikheid van voedsel wetgewing om gesonde en veilige voedsel te verskaf, insluitende voedingsetikettering, gesondheid en voedingsbewerings; Voedsel, Voeding en Gesondheid kwessies in die nuus. Praktiese werk Beginsels en praktyk van basiese begrippe in voedsel, voeding en gesondheid.

## Molekulêre en selbiologie 111 (MLB 111)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Verwys na Regulasie 1.2: 'n Kandidaat moet Wiskunde met ten minste 50% geslaag het in die G12-eksamen |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Genetika |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Inleidende studie van die ultrastruktuur, funksie en samestelling van verteenwoordigende selle en selkomponente. Algemene beginsels van selmetabolisme, molekulêre genetika, selgroei, seldeling en seldifferensiasie.

## Algemene chemie 127 (CMY 127)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Natuur- en Landbouwetenskappe studente: CMY 117 GS of CMY 154 GS<br>Gesondheidswetenskappe studente: geen |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 4 lesings per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Chemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Algemene fisies-analitiese chemie: Chemiese ewewig, sure en basisse, buffers, oplosbaarheidsewewig, entropie en vrye energie, elektrochemie. Organiese chemie: struktuur (binding), nomenklatuur, isomerie, inleidende stereochemie, inleiding tot chemiese reaksies en chemiese eienskappe van organiese verbindings en biologiese verbindings, nl. koolhidrate en aminosure.

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 147**

**Minimum krediete:**

Kern = 147

## Kernmodules

### Inleidende en neurofisiologie 211 (FLG 211)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | CMY 117, CMY 127, MLB 111 en PHY 131 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Orientation in physiology, homeostasis, cells and tissue, muscle and neurophysiology, cerebrospinal fluid and the special senses.
Practical work: Practical exercises to complement the theory.

### Inleiding tot proteïne en ensieme 251 (BCM 251)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | [CMY117 GS] and [CMY127 GS] and [MLB111 GS] |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Strukturele en ioniese eienskappe van aminosure. Peptiede, die peptiedbinding, primêre, sekondêre, tersiêre en kwaternêre struktuur van proteïene. Interaksies wat proteïenstruktuur stabiliseer, denaturasie en renaturasie van proteïene. Inleiding tot metodes vir die suiwering van proteïene, aminosuursamestelling en volgorde bepalings. Inleiding tot ensiemkinetika en ensieminhibisie. Allosteriese ensieme, regulering van ensiemaktiwiteit, aktiewe sentra en meganismes van ensiemkatalise. Voorbeelde van industriële toepassings van ensieme. Praktiese opleiding in laboratorium tegnieke en Goeie Laboratorium Praktyk. Tegnieke vir die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontleding van biologiese molekules. Verwerking en aanbieding van wetenskaplike data.

## Koolhidraatmetabolisme 252 (BCM 252)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | [CMY117 GS] en [CMY127 GS] en [MLB111 GS] |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Biochemie van koolhidrate. Termodinamika en bio-energetika. Glikolise, sitroensuursiklus en elektrontransport. Glikogeen metabolisme, pentose-fosfaat padweg, glukoneogenese en fotosintese. Praktiese opleiding in studie en ontleding van metaboliese bane en ensieme. Wetenskaplike metode en ontwerp: Hipotese ontwerp en toetsing, metode ontwerp en wetenskaplike kontrole.

## Lipied-en Stikstofmetabolisme 261 (BCM 261)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | [CMY117 GS] en [CMY127 GS] en [MLB111 GS] |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 0.5 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Biochemie van lipiede, membraanstruktuur, anabolisme en katabolisme van lipiede. Stikstof metabolisme, aminosuurbiosintese en katabolisme. Biosintese van neurotransmittors, pigmente, hormone en nukleotiede vanuit aminosure. Katabolisme van puriene en pirimidiene. Terapeutiese agente gerig teen nukleotiedmetabolisme. Voorbeelde van erflik oordraagbare afwykings van die metabolisme van stikstofbevattende verbindings. Die ureumsiklus, stikstof-uitskeiding. Praktiese opleiding in wetenskaplike skryfvaardighede: evaluasie van 'n wetenskaplike verslag. Tegnieke vir die skeiding en ontleding van biologiese molekules.

## Biochemiese beginsels van voeding en toksikologie 262 (BCM 262)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | [CMY117 GS] en [CMY127 GS] en [MLB111 GS] |
| **Kontaktyd** | 0.5 praktiese sessie per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |

| | |
|---|---|
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Biochemie van voeding en toksikologie. Onmiddellike analise van voedingstowwe. Hersiening van energie-vereistes en -verbruik. Respiratoriese kwosiënt. Vereistes en funksie van water, vitamiene en minerale. Interpretasie en wysiging van ADT-waardes vir spesifieke diëte, bv. groei, oefening, swangerskap en laktasie, veroudering en verhongering. Interaksies tussen voedingstowwe. Vergelyking van monogastriese en herkouer metabolisme. Cholesterol, poli-onversadigde, essensiële vetsure en dieet anti-oksidante. Oksidasie van vette. Biochemiese meganismes van water-en vetoplosbare vitamiene en assessering van vitamien status. Minerale vereistes, biochemiese meganismes, wanbalanse en diarree. Biochemie van vreemde metaboliete: absorpsie, verspreiding, metabolisme en uitskeiding (ADME); ontgiftingsreaksies: oksidasie / reduksie (Fase I), vervoegings (Fase II), uitvoer uit selle (Fase III); faktore wat metabolisme en geneigdheid beïnvloed. Toksiese gevolge: weefselbeskadiging en fisiologiese effekte, teratogenese, immunovergiftiging, mutagenese en karsinogenese. Voorbeelde van toksiene: biochemiese meganismes van bekende toksiene en hul teenmiddels. Antibiotika en weerstand. Natuurlike gifstowwe uit swamme, plante en diere: goitrogene, sianogene, cholienesterase inhibitore, ergotoksiene, aflatoksiene. Praktiese opleiding in ontleding van voedingstowwe, vetsuurskeidings, antioksidant bepaings, en meting van ensiemaktiwiteit, PO-verhouding van mitochondria, elektroforese, ekstraksie, oplosbaarheid en gelpermeasie-tegnieke.

## Long- en nierfisiologie, suurbasis-ewewig en temperatuur 221 (FLG 221)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | FLG 211 en FLG 212 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Structure, gas exchange and non-respiratory functions of the lungs; structure, excretory and non-urinary functions of the kidneys, acid-base balance, as well as the skin and body temperature control.
Practical work: Practical exercises to complement the theory.

## Mensvoeding 220 (HNT 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 24.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | FLG 211 FLG BCM 253 BCM 254 BCM 256 BCM 263 BCM 264 BCM 265 BCM 266 |
| **Kontaktyd** | 1 besprekingsklas per week, 3 lesings per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Mensvoeding |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Sien asseblief Engelse weergawe vir die inhoud van hierdie module.

## Vertering, endokrinologie en voortplantingstelsels 222 (FLG 222)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | FLG 211 and FLG 212 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Nutrition, digestion and metabolism; hormonal control of the body functions and the reproductive systems. Practical work: Practical exercises to complement the theory.

## Sirkulatoriese fisiologie 212 (FLG 212)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | CMY 117, CMY 127, MLB 111 en PHY 131 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
Body fluids; haematology; cardiovascular physiology and the lymphatic system. Practical work: Practical exercises to complement the theory.

## Mensvoeding 210 (HNT 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 27.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | Tweedejaarstatus |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Mensvoeding |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Toepassing van natuurwetenskaplike beginsels in mensvoeding. Standaarde, riglyne en voedselsamestellingstabelle.

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 120**

**Minimum krediete:**

Kern = 120

## Kernmodules

### Macromolecules of life: Structure-function and Bioinformatics 356 (BCM 356)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | BCM 251 en BCM 252 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

* Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Perspectives on the flow of information from nucleic acids to proteins, the structure and functions of nucleic acids and proteins and their organisation into hierarchical, interdependent systems. Nucleic acid structure as observed in fibres and crystals as well as global DNA and RNA analyses (methods and bioinformatic analyses). Biochemical analyses of nucleotides. DNA-DNA recognition: non-standard and higher order DNA structures. The RNA structural world, RNAi, miRNA and ribosomes. Cellular functions of coding and non-coding nucleic acids. Principles of small molecule-DNA recognition. Principles of protein-DNA recognition and interactions. Bioinformatics predictions of protein and small molecule DNA interactions. Chemical reactivity of amino acids. Domain structures of proteins and Ramachandran plots. Protein folding, sequence motifs and domains, higher order and supramolecular structure, self-assembly, conjugated proteins, post-translational modifications, conjugated proteins and bioinformatics predictions. Principles of protein function and protein structure relationships. Protein-ligand and protein-protein interactions. Protein aggregation in disease. Examples of the diverse functions of proteins and peptides, including enzymes, hormones, neurotransmitters, antibodies, receptors, transport and membrane proteins. Global analysis of proteins through proteomics. Basic principles of nuclear magnetic resonance, mass spectrometry and X-ray crystallography. Protein purification and characterization including, pI, molecular mass, amino acid composition and sequence. Practical training will include interactive computer-guided demonstrations of protein analysis, hands-on practical sessions for nucleic acid purification and chemical structure characterisation, protein expression and purification (including SDS-PAGE), protein sequence analysis including mass spectrometry, protein structure analysis by 3D protein modelling and protein folding (Bioinformatics).

### Voedingstatusevaluaring 314 (NTA 314)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 22.00 |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | Derdejaarstatus |
| **Kontaktyd** | 1 besprekingsklas per week, 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Mensvoeding |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Voedingevaluering
Voedingsorgproses; oorsig van evaluering van voedingstatus. Wetenskaplike beginsels van voeding-status; voedingsifting; kliniese, biochemiese en dieetkundige evaluering van voedingstatus.

## Molecular basis of disease 368 (BCM 368)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | BCM 251 en BCM 252 en BCM 261 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Biochemie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

* Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Normal and abnormal regulation of the cell cycle: The biochemistry of proliferation, quiescence, senescence, differentiation and apoptosis, illustrated by cancer. Host-Pathogen co-evolution: How adaptive immunity emerged from innate immunity. Infection: Molecular and cellular immunobiochemistry of protection against viral, bacterial and parasitic pathogens. Auto-immunity: Molecular mechanisms of the maintenance and failure of the recognition of foreign in the context of self in the mammalian body. Practical training includes debate on ethics of research on animal and human diseases, experimental design and execution of an immunoassay to test for a biomarker antibody of an infectious disease, tutorials to determine the performance of a diagnostic test for disease, including the principle of ROC curve analysis, positive and negative predictiveness, sensitivity, specificity and accuracy, applications of polyclonal and monoclonal antibodies for characterisation of disease with fluorescence, confocal and electron microscopy, flow cytometry and biosensors.

## Voedselchemie (1) 351 (FST 351)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | BCM 251 en BCM 252 en BCM 261 en BCM 262 of TDH |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ppraktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Lesings: Chemie van hoofkomponente van voedsel: Koolhidrate, proteïne, lipiede en water. Chemiese en voedingseienskappe van voedselverwerking: implikasies van verskillende verwerkingstegnieke op die hoofvoedselkomponente. Funksionele eienskappe van die hoofvoedselkomponente. Modifisering van funksionele eienskappe. Voedselontledingsmetodiek. Praktiese werk: Voedselontledings.

## Voedselchemie (2) 352 (FST 352)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | BCM 251 en BCM 252 en BCM 261 en BCM 262 of TDH |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ppraktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Lesings: Basiese voedselontledings en chemie van die mindere komponente van voedsel: Basiese voedselontledings, vitamiene, minerale, additiewe en kontaminante. Chemiese en voedingseienskappe van voedselverwerking: implikasies van verskillende voedselverwerkingstegnieke op hierdie voedselkomponente. Funksionele eienskappe van voedselkomponente. Voedselontledingsmetodiek. Praktika: Voedselontledings.

## Voedsel- en voedingsekuriteit 320 (FNH 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | Tweede jaar status of TDH |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Kwartaal 3 |

**Module-inhoud**

Globale voedselsisteme en voedselsekuriteit, lewensbestaan en huishoudelike dinamieke, geslagskwessies.

## Voedselsamestelling en toegepaste voedingsprogramme 364 (VVW 364)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | FST 351 en FST 352 of TDH |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Skepping, interpretasie en toepassing van voedselsamestellingsdata in voedingsprogramme. Chemiese samestelling van voedsels: bemonstering vir voedselanalise, evaluering van voedselanalisemetodes vir voedselsamestellingsdata. Interpretasie van voedselsamestellingsdata. Voedingsetikettering van voedsel. Gebruik van voedingsdata in voedselformulasies. Dieetaanvullings, verryking en fortifisering van voedsels.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 142**

**Minimum krediete:**

Kern = 142

## Kernmodules

### Navorsingsmetodiek en seminaar 400 (FST 400)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Derdejaarstatus of TDH |
| **Kontaktyd** | 1 dag seminaar in semester 2, 1 werkswinkel van 5 dae in semester 1 |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Lesings en taakopdragte: Navorsingsmetodiek. Literatuurstudie en seminaaraanbiedings oor onderwerpe in voedselwetenskap en/of -tegnologie. Die student moet ook 'n mondelinge eksamen deurkom aan die einde van die module.

### Navorsingsprojek 400 (FNH 400)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 40.00 |
| **Voorvereistes** | Derde jaar status |
| **Kontaktyd** | 2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

'n Laboratorium-gebaseerde, analitiese navorsingsprojek oor 'n goedgekeurde onderwerp in voedingswetenskap word beplan, uitgevoer en aangebied in die vorm van 'n geskrewe verslag.

### Biometrie 210 (BME 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 24.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | BME 120 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessies per week, 4 lesings per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Statistiek |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Variansie-analise: Meerrigtingklassifikasie. Toetsing van modelaannames, grafika. eenvoudige vergelykings. Vaste, stogastiese en gemengde-effek-modelle. Blokeksperimente. Effekberaming. Eksperimentele ontwerp: Beginsels van eksperimentele ontwerp. Faktoriaaleksperimente: Strengeling, enkelvryheidsgraadbenadering, hiërargiese klassifikasie. Gebalanseerde en ongebalanseerde ontwerpe. Verdeelde-perseel-ontwerpe. Kovariansie-analise. Rekenaarvaardigheid: Skryf en interpretasie van rekenaarprogramme. Verslagskrywing.

## Gevorderde mensvoeding 411 (HNT 411)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | FLG 312,FLG 314,FAR 381,FAR 382,MRZ 310,NTA 313,RCH 310,DTT 310,VDS 320,VDB 320 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week, 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Mensvoeding |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Seminare en gevalstudies (teorie en praktiese toepassing): Voedinggedrag; eetversteurings; nutriënt/voedingsaanvulling; sportvoeding; vegetarisme; voedselveiligheid; voeding van die gestremde; voorkoming van nie-oordraagbare siektes van lewenstyl, voeding en immuniteit; voeding en genetika.

## Gevorderde voedsel, voeding en gesondheid 420 (FNH 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Derdejaar status of TDH |
| **Kontaktyd** | 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Voedselwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Besprekingsklasse op'n gevorderde vlak van voedingswetenskappe in onderwerpe soos mikronutriënt metabolisme in die menslike gesondheid en siekte, Voedings Bnobeskikbaarheid, Nutri-genoom, Voedingsintervensies, Voeding en die metaboliese sindroom. Probleemoplossing en literatuurbespreking.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word..

Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.